Theuns Eloff

Theuns Eloff is in 1955 in Potchefstroom gebore en het sy Baccalaureus-graad in die Regte in 1974, en teologie (cum laude) in 1980 aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) verwerf. Tydens sy twee jaar van nasionale diensplig het hy sy meestergraad in Teologie (cum laude) voltooi. Terwyl hy vir ’n tydperk van ses jaar predikant van ’n gemeente by die Universiteit van Pretoria was, het hy sy doktorsgraad in Teologie voltooi.

In die nadraai van die probleme wat gespruit het uit sy insluiting by die afvaardiging wat in Julie 1987 verteenwoordigers van die ANC in Dakar ontmoet het, het hy in 1989 besluit om die bediening te verlaat en het hy by die Consultative Business Movement (CBM) aangesluit, waar hy in 1990 as Uitvoerende Direkteur aangestel is. Hy het gehelp met die beplanning en fasilitering van die Nasionale Vredeskonvensie, wat in September 1991 tot die ondertekening van die Nasionale Vredesverdrag gelei het. Hy was die hoof van die proses- en sekretariële dienste by KODESA en was aan die hoof van die administrasie van die veelparty-onderhandelingsproses na KODESA.

Hy het ’n aantal toekennings ontvang ter erkenning van sy rol in die onderhandelingsproses insluitende die Wêreld Ekonomiese Forum se verering as een van die "100 wêreldleiers van môre" (1996).

In Januarie 2002 het hy die Visekanselier van sy Alma Mater geword. Hy het ’n nuwe bestuursfilosofie gevestig en ’n leidende rol gespeel in die samesmelting van die Potchefstroomse Universiteit met die Universiteit van Noordwes. Hy is in Mei 2004 as die eerste Visekanselier van die nuwe Noordwes-Universiteit (NWU) aangestel. Onder sy leierskap het die NWU een van die suksesvolste, mees stabiele samesmeltings in Suid-Afrika se hoëronderwyssektor beleef, en die NWU is op pad om homself as een van die topuniversiteite in Suid-Afrika te vestig. Dr Eloff het sy termyn by NWU in Maart 2014 voltooi.

Dr Eloff is in 2005 tot adjunkvoorsitter van Hoër Onderwys Suid-Afrika (HESA) verkies, en in 2007 tot voorsitter vir ’n termyn van twee jaar. Hy was ook adjunkvoorsitter van die Vereniging van Statebondsuniversiteite, vir die tydperk 2007 tot 2009. Hy is tot voorsitter verkies vir die termyn 2009 tot 2011. Hierbenewens is hy as voorsitter van die Afrikaanse Handelsinstituut vir 2011 en 2012 verkies.

Dr Eloff is voorsitter van die Raad van Astral Foods, Dagbreek Trust en die FW de Klerk Stigting. In 2008 het hy ’n eredoktorsgraad in die Regte van die London South Bank University ontvang.